***Engele se magte***

**136** Vervolgens lei die engel Jarah na al die sye van die berg en hy oortuig haar daarvan dat die berg weliswaar nie laer geword het nie, maar aan alle kante tog sonder enige gevaar bestyg kan word, veral aan die seekant, waar dit heel geleidelik afloop.

[2] Toe **Jarah** haar daarvan oortuig het, sê sy: "Die geheel is so wonderbaarlik, dat ek my sintuie begin te wantrou, en sou begin dink dat ek ook slaap en droom! Vertel my tog nou iets oor hoe u dit doen! So ver het u die hele see opgehef en vry soos `n swewende druppel in die lug gehou, en nou het u die steil berg na alle kante toeganklik gemaak, en dit het u alles in `n oogwink gedoen! Hoe, hoe kry u dit reg? U het u plek geen oomblik verlaat nie, en tog is dit alles gedoen! - Ag, dit is tog te veel vir `n arme erdwurmpie soos ek!"

[3] **Die engel** sê: "Jy kan dit natuurlik nou nog nie verstaan nie, maar binne `n kort tyd sal dit alles glashelder vir jou word. Voorlopig kan ek jou wel soveel sê dat ons engele niks uit onsself kan doen nie, maar alles enkel en alleen doen deur die almagtige Wil van die Meester, wat jy so besonder liefhet.

[4] Kyk, die hele wêreld en alle hemele is slegs gedagtes en idees van Elohim wat deur Sy almagtige, onwankelbare vaste Wil vasgehou word. As Hy Sy idees nou terugtrek en Sy gedagtes loslaat, vergaan die sigbare geskapene op daardie selfde oomblik. Dink Hy egter iets nuuts en hou Hy dit met Sy almagtige Wil vas, dan is die geskapene ook vir elkeen sigbaar aanwesig!"

[5] **Jarah** vra: "Ja, maar wat bly daar dan vir u nog oor om te doen?"

[6] **Die engel** sê: "Ons is suiwer ontvangstasies vir die goddelike Wil en vervolgens dra ons Hom uit! Kyk, ons is in `n sekere sin die vleuels van die goddelike Wil en sodoende is ons eintlik die goddelike Wil self. `n Nog so geringe gedagte van ons - as ons hom verbind met die Krag van die goddelike Wil - is voldoende en dan is `n werk ook al gedoen, daarom handel ons so vinnig!

[7] Sien jy daar in die ooste die helder ster hang? Kyk, as daar van hier tot daar `n gebaande weg sou lei, dan sou die aarde nie genoeg van die allerkleinste sandkorrels hê om die jare aan te gee wat `n voël nodig sou hê om die ster te bereik nie, laat staan nog `n mens wat hardloop. Maar vir my is dit moontlik om in `n oomblik daarheen te gaan en weer hierheen terug te kom! Jy sal my afwesigheid glad nie merk nie, en tog sal ek daarheen gaan en weer hier wees! - Glo jy my?"

[8] **Jarah** sê: "Waarom sou ek dit nie glo nie? Maar om my daarvan te oortuig kan ek natuurlik nie, want ek wil en kan nie met u so `n reis daarheen meemaak soos voorheen na benede na die seebodem nie!"

[9] **Die engel** sê: "Waarom dan nie? Is alle dinge dan nie by Elohim moontlik nie? As die Meester dit goedvind, dan is dit vir my niks nie! Dat jy niks sal oorkom nie, daarvoor staan ek in en al die tallose, stralende engele wat jy hier rondom jou sien, staan ook daarvoor in!"

[10] **Jarah** sê aan My: "Meester, is dit regtig moontlik?"

[11] **Ek** sê: "In die hande van hierdie engel, ja! As jy wil kan jy jou aan hom toevertrou en in `n paar oomblikke sal jy weer behoue hier by My wees, neem egter vir jouself daarvandaan `n aandenking saam!"

[12] Na hierdie woorde gaan **Jarah** na die engel en sê: "Kyk, ek is nie bang nie, as u kan, dra my dan daarheen!"

[13] Toe tel die engel vir Jarah van die grond af en druk haar stewig aan sy bors en verdwyn. - Na tien sekondes was hy weer met Jarah terug met in haar romp `n klip, wat onbedek so straal, soos die môrester straal wanneer sy haar mooiste lig gee.

[14] Toe **Jarah** `n bietjie van haar verbasing herstel het, vra sy vir My: "O Meester, is al die ontelbare sterre dan net so eenders soos hierdie ster, wat ek nou regtig met my eie oë of met my geestelike oë gesien het? Want dit is `n reusagtige wêreld! Hierdie wêreld lyk nou vir my, vergeleke by daardie een, so klein soos `n slakkehuis ten opsigte van hierdie berg! Mense, heel volmaakte mense, wat in onuitspreeklik groot en wonderheerlike geboude tempels woon, is ook daar in die oorgrote glansryke wêreld. Maar die mense is so groot, dat hulle, as hulle onder by die see sou staan, die berg minstens drie maal sou oortref. En so is in die wonderwêreld alles talle duisende maal duisend maal groter as hier!

[15] Ons staan op `n baie hoë berg en sien aan alle kante `n onafsienbare vlakte. Dit was na alle kante deursny deur die pragtigste riviere, waarvan die golwe geskitter het soos die steeds wisselende heldere kleure van `n reënboog. Op die vlakte was daar pragtige tuine en tempels. Die volgende oomblik bevind ons onsself al onder by die tempels en sien daar die groot mense en hul nog baie groter woontempels. Op `n afstand is dit `n genot om hierdie mense te sien, maar digby lyk hulle soos wandelende berge! Ja, ek sou al `n redelike lang

leer nodig gehad het as ek maar teen die kleinste van hierdie mense sou wou opgeklim het!

[16] Kortom, ek sou my lewe lank aanhoudend kon praat oor wat ek daar in die paar oomblikke gesien het, maar dan sou ek in die tyd wat U, o Meester, vir iets beters bestem het, onnodige dinge praat! Maar nou sal ek graag van U af wil hoor of al die tallose sterre ook sulke wêrelde is soos dit wat ek gesien het!"

[17] **Ek** sê: "Ja, My kindjie, en nog baie groter en baie mooier! Maar glo jy nou regtig dat jy in hierdie paar oomblikke met liggaam en siel op dié ster was? Vertel My eers!"

[18] **Jarah** sê: "Meester, my liefde en my lewe. Die vlug het ons in vier kort tydperke gemaak. En tot aan die vierde tydperk sien die ster, wat ek nou nog baie goed kan sien, steeds onveranderd uit as `n ster, maar in die vierde tydperk word hy so groot soos ons son oordag. Daarna duur dit nog enkele oomblikke en toe is ons op die pragtige wêreld. Van die berg af, waar ons eerstens op die top gestaan het, raap ek op aanbeveling van die engel `n steentjie op - dit is hierdie stralende hopie - en neem dit saam hierheen as bewys dat ek regtig daar was. Meer kan ek U as bewys van my werklike aanwesigheid op hierdie plek nie laat sien nie."

### *Geestelike blik in die skepping*

**137** **Ek** sê: "Dit is ruim voldoende! Maar Ek sal jou nou `n ander manier laat sien waarop `n mens wat in sy hart volmaak is die sterre kan bereis sonder om hom ook maar één tree van die aarde los te maak; maar `n ligtende steentjie kan mens dan natuurlik nie so maklik saam terugneem nie! - Nou, kan jy die ster onthou waar jy was?"

[2] **Jarah** sê: "Ja, Meester!"

[3] **Ek** sê: "Wel, stel jou die plek in jou hart so lewendig as moontlik voor, kyk `n tyd strak daarheen met jou oë en sê My hoe sy daar na `n paar oomblikke lyk!"

[4] **Jarah** doen dit dadelik en na `n paar oomblikke sê sy: "Meester, Meester, my Elohim, my liefde, nou sien ek haar net soos by my heenvlug in die vierde tydperk. Sy word nou steeds groter en ek kan haar lig nouliks verdra! Ag, dit is `n verskriklike sterk lig, maar dit laat my oë nie pyn nie! O, o, nou het die hele uitspansel `n verskriklike groot, reusagtige, magtige golwende see van lig geword! O Elohim, o Elohim, hoe groot en wonderlik is U werke, en U wandel in die vlees as `n eenvoudige beskeie mens te midde van die mensewurms van hierdie aarde!

[5] O, o, o! Nou staan ek weer op dieselfde berg en sien rondom my dieselfde omgewing vol skitterende pragtige dinge! Ek sien weer dieselfde tempels, dieselfde mense en hul pragtige tuine, ook sien ek baie mooi blomme. Maar die kleinste daarvan is groter as `n huis hier op aarde, dit sou ek nie as aandenking kon afpluk nie! Ag, nou sien ek regtig ook allerlei diere, en die pragtigste voëls sien ek ook, maar hulle is ook ontsettend groot! Aan die reusagtige bome hang seldsame groot vrugte, en ek sien ook hoe daar in `n tuin `n paar mense is wat met hulle hande daarna gryp en dit werklik ook in hulle monde steek! Nou toe nou, so `n peer, of wat se vrug dit ookal is, sou op hierdie aarde wel `n duisend mense `n hele jaar meer as genoeg te ete gee!"

[6] **Ek** sê: "Let nou op, jy sal nou in `n soort stad van hierdie wêreld kom, sê My hoe dit jou geval!"

[7] **Jarah** slaan gou haar hande ineen van verbasing en begin letterlik te skreeu van verrukking, en roep: "Maar om U heilige Naam ontwil, dit is `n prag waarvan `n mensehart nog nooit van kon gedroom het nie! O, dit is onbeskryflik! Wat `n ry tempels! Wat `n suilegang, wat `n koepel! Nee, die prag, grootheid en luister! Meester, ek smeek U, lei my terug, want hierdie onuitspreeklik oordadige prag sal my doodmaak!"

[8] **Ek** sê: "Nou, maak dan jou oë dig en dink aan My en aan die aarde, dan sal dit dadelik weer in orde wees!" - Jarah doen dit en sien nou haar ster weer as `n ster vir haar.

[9] Toe sy weer tot ruste gekom het, vra sy (**Jarah**) My dadelik: "Meester, het die engel my miskien ook op hierdie manier, soos wat U nou gedoen het, die ster getoon? Want ek het haar nou baie beter gesien as voorheen, en tog was ek in `n sekere sin slegs geestelik daar. Ek bedoel, dat die liewe goeie engel my slegs maar vir die skyn `n bietjie hiervandaan geneem het en my toe op dieselfde manier die ster laat sien het!?"

[10] **Ek** sê: "Nee, die engel het jou wens volledig uitgevoer! En dit was ook slegs maar met jou moontlik omdat jou hart so oorvol van liefde is. Met enige ander mens sou so iets heeltemal onmoontlik gewees het. En as die engel, wat hy wel sou kon, dit met `n gewone wêreldmens gedoen het, dan sou slegs die naderkom van so `n engel die wêreldmens al gedood het!